*Sondag* **4 Mei**

**Skrifgedeelte: Johannes 4:27-34**

**Fokusgedeelte: Johannes 4:34**

**Verkry geestelike voedsel deur God se wil te doen**

Hierdie baie bekende gedeelte uit die Woord van God dwing ons om ’n vraag aan onsself te stel: Waaroor gaan ons verhouding met God in Christus werklik vir ons?

Jesus en sy dissipels was op hulle pad van Judea na Galilea. Dit was deur die gebied van Samaria en naby ’n dorpie met die naam Sigar, wat kort by die plek was waar Jakob ’n put gegrawe het. Daar het Jesus, wat moeg was van die reis, sommer by die put gaan sit. Sy dissipels het na Sigar gegaan om kos te koop.

Die gebeure by die put ontvou rondom die mens se mees basiese vereistes, naamlik kos en water. Terwyl Hy alleen by die put is, kom ’n vrou daar aan. Ongewone omstandighede. Jesus alleen in gesprek met ’n vrou. Jesus se vraag na water uit die put, omdat die vrou ’n skepding het, begin dan die gesprek. ’n Gesprek wat baie gou ’n geestelik strekking het. Water wat nodig is om fisiese dors te les, word die onderwerp van lewende water, wat ewige dors les. Dan gaan die gesprek nie verder oor Jesus se behoeftes nie, maar oor dit wat Hy gee.

Wanneer die dissipels opdaag met die kos, word dit duidelik dat ook dié basiese behoefte van Jesus nie meer noodsaaklik is nie. Ware geestelike voedsel word verkry deur God se wil te doen. Hoe belangrik is jou verhouding met God in Christus? Is dit belangriker as wat kos en water vir jou is?

*Sing: Skrifberyming 9-1:10, 11*

*Ds. MP Fourie (Emeritus)*